

**SONDAG 7 SEPT 2003**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**OGGENDDIENS**

**LITURGIE 1e diens**

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Voorsang		
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof	<i>Psalm 96:11-13 “Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, die see en alles daarom moet druis, en die veld en alles daarop moet jubel, al die bome in die bos moet hulle verheug voor die Here, want Hy kom. Hy kom om oor die aarde te heers. Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.”</i>	
Hannes	Lof	LB192:1-3 “Grote God U skepperhand”  <i>Geloofsbelydenis 12 Artikels (hardop)</i>  SM35:1,2,4 “O Heer my God”	LB192:1-3  Geloofs  SM35:1,2,4
Liturg	Toewyding	<i>Mat 3:10 “Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap.”.</i>  <i>Mat 7:17 “Pasop vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken.”</i>	
Hannes		LB308:1-5 “Neem my lewe” (Green berets)	LB308:1-5
Hannes	Aanbidding	JG15:1-4 “Halleluja, U is koning” “Heer U is my lewe” (1-2)	JG15:1-4 HeerUis
Ouderling	Gebedslys	Mariska se pa orlede, Petro de Bruin se pa oorlede	
		<b><u>Record aan</u></b>	<b><u>Klank: Record</u></b>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	Spreuke 15:29	Skrif
Liturg	Preek	Die Heilige Gees praat met twee groepe mense...	Skrif
Hannes	Toewyding	“Waai deur my” (1-3)	0
Liturg	Gebed		
		<b><u>Record af</u></b>	<b><u>Klank: Stop Record</u></b>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig
Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	“Kom o Skeppergees” (2x)	skeppergees

Liturg	Señ		
--------	-----	--	--

LITURGIE: 2e diens

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
Hannes & KMG  CD	Voorsang	The Love of Jesus (3x) Ek het Sy vreugde, vrede, liefde, vriendskap I've got joy like a fountain JR51:1-5 "As ek soek" Die Heer is my Herder (1-3) Soos die klei (1-2) LB518:1-2 "Voel jy soms" "Ek wil so graag"	thelove ekhetsy ivegot / fountain JR51:1-5 dieheer soosdie LB518:1-2 ekwilso
Liturg	Welkom & groet		
Liturg	Gebed		
Liturg	Oproep tot lof	<i>Psalm 96:11-13 "Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, die see en alles daarom moet druis, en die veld en alles daarop moet jubel, al die bome in die bos moet hulle verheug voor die Here, want Hy kom. Hy kom om oor die aarde te heers. Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid."</i>	
Hannes	Lof	LB192:1-3 "Grote God U skepperhand"  Geloofsbelydenis 12 Artikels (hardop)  SM35:1,2,4 "O Heer my God"	LB192:1-3  Geloofs  SM35:1,2,4
Liturg	Toewyding	Mat 3:10 "Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap."  Mat 7:17 "Pasop vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken..."	
Hannes		LB308:1-5 "Neem my lewe" (Green berets)	LB308:1-5
Hannes	Aanbidding	JG15:1-4 "Halleluja, U is koning" "Heer U is my lewe" (1-2)	JG15:1-4 HeerUis
Ouderling	Gebedslys		
		<b><u>Record aan</u></b>	<b><u>Klank: Record</u></b>
Ouderling	Voorbidding		
Liturg	Skriflesing	Spreuke 15:29	Skrif
Liturg	Preek	Die Heilige Gees praat met twee groepe mense...	Skrif
Almal	Toewyding	"Waaier deur my" (1-3)	0
Liturg	Gebed		
		<b><u>Record af</u></b>	<b><u>Klank: Stop Record</u></b>
Diakens	Offergawe	Afkondings op bord	afkondig

Liturg	Afkondigings		“Afkondig”
Hannes	Lied	“Kom o Skeppergees” (2x)	skepper
Liturg	Seën		

# PREEKSKETS

Wie van julle kan nog onthou wat ons laas week gesê het oor God?

- Dat Hy 'n God is wat praat / luister / hoor / aanraak
- Dat Hy 'n God is wat by ons kom bly...
- Dat Hy Homself aan ons openbaar / bekendmaak...
- Ja, ons het gesê: God praat vandag nogsteeds met mense
- En Hy praat vandag nogsteeds met elkeen van ons.

En die groot vraag: Hoor ons nog Sy stem?

Hoor ons as Hy met ons praat?

Het die Here hierdie week met jou gepraat?


- Het jy Sy stem gehoor?
- Kon agterkom dat daar iets is wat Hy vir JOU gesê het?
- Miskien 'n stukkie in die Bybel?
- of in jou gebed.
- Of op watter manier ookal.
- Want die Bybel leer ons: Hy is 'n God wat praat.

Vanoggend gaan ons so 'n treetjie verder.


En ons kom by die vraag: Hoe praat God vandag met mense?

- Op watter manier praat God met ons.

Voorbeeld: Op watter maniere kan ons met mekaar praat.



Staan en praat  
Telefoon  
Interkom  
Selfoon  
Brief  
E-pos...  
Webcam  
Internet: chatbox



Ja, daar is baie maniere hoe ons met mekaar kan praat.

Net so is daar baie maniere waarop die Here praat.

- Hy sou direk met ons kon praat (alhoewel dit nie sommer gebeur nie)
- Mense
- Drome
- Boek
- Omstandighede

Daar is baie maniere waarop die Here kan praat.

Maar weet julle wat is die "grootste" manier waarop die Here met mense praat.

Die Heilige Gees.

- Die no-1 manier hoe God met mense praat, is deur die Heilige Gees.

## WIE IS DIE HEILIGE GEES?

Mense sukkel om die Heilige Gees te verstaan.

- Krag
- Engelse: "Holy Ghost"

- “Gees” (God is ook Gees!)
- “Stemmetjie” hier agter my.

Maar dis nie waar nie.

- Die Heilige Gees is nie iets nie, maar iemand.
- Die Heilige Gees is God self.
- En as die Heilige Gees met my praat, dan praat God self met my.

[ Die beste manier om dit te verstaan is om te dink aan die werk wat elke lid van die Drie-Eenheid doen.

- Die Vader is soewerein.
- Hy skep en Hy sorg.
- Hy het besluit om die wêreld van sonde te kom Verlos.
- Die Seun: Hy kom doen alles wat die Vader beplan het.
- Hy kom sterf aan die kruis soos die Vader beplan het.
- Die Heilige Gees?
- Hy kom vertel ons van alles wat God gedoen het.
- Hy kom vertel ons van Jesus wat aan die kruis gesterf het.
- M.a.w: Hy kom maak God aan ons bekend. ]

Wat wil die Heilige Gees bereik in my lewe?

- Hy wil hê dat ek die Vader en die Seun sal ken.
- En as ek Hulle reeds ken, dat ek hulle nog beter sal leer ken.

Verstaan ons almal dit?

- Sy werk/doel is nie om my te lei om my geld op die regte beurs of mark te belê nie.
- Sy doel is nie om my te lei om die regte huis te koop nie ...
- Sy grootste doelwit is om my te lei na die Vader en die Seun sodat ek hulle persoonlik kan leer ken.

Hoe praat die Heilige Gees met mense?

- Wat sê Hy vir hulle?
- Hoe sê Hy dit vir hulle?

## **DIE HEILIGE GEES PRAAT OP TWEE MANIERE**

Ons sou al die mense in die wêreld in twee groepe kon verdeel:

- Nie swart en wit nie.
- Nie Afrikaans en Engels nie.
- Nie slim en dom nie.
- Nie mooi en lelik nie.

Net 2 groepe:

- Die mense wat die Here ken en Hom liefhet. (Aan die een kant)
- Die wat Hom nie ken nie en nie liefhet nie. (Aan die ander kant)

Die Bybel noem hierdie 2 groepe so:

- Die skape
- Die Bokke.

In watter groep is jy?

- Is jy in die groep wat die Here ken.
- Die groep wat hulle harte vir die Here gegee het.
- Die groep wat tot bekering gekom het.
- Die groep wat elke dag vir die Here leef.
- Wat opstaan en uitstaan vir Hom.
- Dis die skape.
- Of is jy in die ander groep - die bokke.
- Die wat baie van die Here weet MAAR die Here nie regtig ken nie.
- Die wat nog nooit regtig hulle harte vir die Here gegee het nie.

- Die wat nie eers probeer om vir Hom te lewe nie - hulle doen net wat hulle wil en vir hulle lekker is.
- Gewoonlik gaan hulle saam met die stroom

In watter groep is jy?

- Weet jy: die dag as Hy die Here terugkom...
- gaan die Here al die mense bymekaarmaak.
- En Hy gaan julle deel in 2 groepe: skape en die bokke.
- Gered en verlore.
- Hemel en hel.
- Saam met god en sonder God.

Waar pas jy in?

## **2 ROEPE - EN NOU IS DIT INTERESSANT:**

Die Heilige Gees praat op 2 totaal verskillende maniere met hierdie 2 groepe mense.

Kom ons kyk eers na die bokke.

- Dis nou die mense wat nog nie hulle harte vir die Here gegee het nie.
- Hulle is nog nie wedergebore nie.
- Hulle het nog nie tot bekering gekom nie.
- Hulle is nog nie regtig die Here se kinders nie.
  - Al staan hulle name op die kerk se boeke.
  - Al is hulle gedoop.
  - Al het hulle belydenis van geloof afgelê.
- Hulle het nog nie die deur van hulle harte vir die Here oopgemaak nie.
- Die Heilige Gees woon nog nie in hulle harte nie.
- Hy staan nog buitekant.
- En van buite af praat Hy met hulle: dag en nag.
- En al wat Hy sê:
  - Jy is verlore sonder God.
  - Gee jou hart vir Hom.
  - Maak oop die deur van jou hart - dat Hy kan inkom.
  - Dag en nag sê HY dit vir hulle.

Baie keer sê mense:

- Ek bid en ek bid maar die Here lusiter nie.
- Ek vra vir dit of dat en Hy gee dit nie.
- Hy antwoord my nie as ek dit vir Hom vra nie.

Weet jy hoekom?

- Want Hy wil met jou oor niks anders praat as oor die feit dat jy verlore is nie.
- Hy wil vir jou niks anders gee as redding en ewige lewe nie.

Kan ek vir jou slegte nuus vertel?

- As jy nog nie jou hart vir die Here gegee het nie, wil Hy nie na al jou gebede luister nie.
- Hy wil nie vir jou 'n beter werk gee nie.
- Hy wil ook nie vir jou beter punte in die skool gee nie.
- Daar is net een ding wat Hy graag vir jou wil gee: die ewige lewe.

Eers wanneer jy jou hart vir die Here gegee het, wil Hy met jou praat oor al die ander dinge.

## **MAAR DAAR IS OOK 'N TWEDE GROEP MENSE: DIE SKAPE**

- Die mense wat hulle harte vir die Here gegee het.
- Hulle is wedergebore.
- Hulle is nuutgemaak.

- Hulle behoort aan die Here.
- Jy kan hulle uitken by die skool en by die werk: hulle probeer elke dag vir die Here leef.

Die Heilige Gees praat nie met hulle van buite af nie.

- Hulle het klaar hulle harte oopgemaak.
- Die Here het ingekom.
- Die Heilige Gees woon nou binne-in hulle.
- En elke oomblik praat Hy met hulle van binne af.

Hulle staan in 'n liefdesverhouding met die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

En binne in hierdie liefdesverhouding, praat die Heilige Gees met hulle oor alles en nog wat.

- Hy praat met hulle oor God se drome vir die toekoms.
- Hy praat met hulle oor hoe die Vader sorg.
- Hy praat met hulle oor hoe Hy hulle in die kerk en in die wêreld wil gebruik.
- Hy praat met hulle rentmeesterskap.
- Hy praat met hulle oor 'n lewe van heiligmaking.
- Hy praat met hulle oor hulle beroepe.
- Hy praat met hulle oor hulle huwelike en gesinne.

Vriende, die Heilige Gees praat net met God se kinders oor al hierdie dinge.

- Voordat ek my hart vir die Here gegee het, praat Hy nie met my oor die goed nie.
- Hierdie gesprekke kry jy net in 'n intieme liefdesverhouding.

En die Bybel sê: Binne-in hierdie intieme liefdesverhouding kan hulle vir die Vader vra wat hulle wil hê en Hy sal dit gee.

- Dit geld net vir God se kinders.
- Dit geld nie vir die hele wêreld nie.
- Dis net Sy kinders wat vir Hom Vader kan sê.
- Dis net Sy kinders wat kan bid vir daaglikse brood.
- Dis net Sy kinders wat kan bid vir vergifnis en vrypraak.

Dis nie vir almal nie.

- Dis net Sy kinders wat kan bid vir seën op hulle huwelike.
- Dis net Sy kinders wat kan staatmaak op Sy bewaring.

Baie gebede word nie verhoor nie, omdat mense wat nie God se kinders is nie, aanspraak maak op die dinge wat Hy net vir Sy kinders belowe het.

- Hy praat net met Sy kinders oor al hierdie dinge.

En hoe nader ek aan die Here groei...

Hoe meer ek groei in my liefde en bewondering vir Hom

- Hoe meer ek Sy stem oor al die verskillende fasette van my lewe.
- Hoe dieper gesprek vind plaas tussen my en God.
- Hoe meer hoor ek Sy stem oor alles in my lewe.
- Selfs tot in die fynste detail.

Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde.

### **WAT DOEN DIE HEILIGE GEES IN SY KINDERS SE LEWENS?**

- Hy verseker my dat ek 'n kind van God is (Rom 8:16)
  - Hy kan dit nie doen vir iemand wat nie 'n kind van die Here is nie.
  - Hy kan dit net doen vir Sy kinders.
- Hy oortuig my van sonde (Rom 8:8-9)
  - Het jy al agtergekom: Hoe nader jy aan die Here kom, hoe meer dinge kan jy nie meer



- doen nie.
- In die begin: as jy jou hart vir die Here gegee het, is daar nog klomp sonde en bagasie wat jy saamdra.
- Maar hoe langer jy saam met die Here loop en hoe meer Hy by jou kom woon en Homself bekendmaak - hoe meer oortuig Hy jou van die verkeerde dinge in jou lewe.
- Hy help my om dinge te verstaan wat ek vroeër nie kon verstaan nie (1 Kor 2:14)
  - Vriende, hierdie Bybel is 'n moeilike boek.
  - Daar is baie dinge wat ons nie verstaan nie.
  - Daar is baie dinge wat nie altyd sin maak nie.
  - Maar die Heilige Gees help ons om dit te verstaan.
  - Hy lei nie die hele wêreld nie.
  - Hy lei Sy kinders om te verstaan.
  - En daarom help dit nie ons het lang gesprekke met die heidene oor die Bybel nie.
  - Ons kan redeneer tot ons almal blou is in die gesig.
  - Gaan kyk maar net in die briewekolom van die Beeld.
  - Hulle kan dit wat hierin staan nie verstaan nie.
  - Dit het Paulus al dusiende jare terug geskryf.
  - Hierdie is 'n liefdesbrief van God aan Sy kinders.
  - Dit het weinig waarde vir iemand wat nie lief is vir die Here nie.
- (Joh 8:43-44,46-47; 10:27) - Jesus in gesprek met ongelowiges  
*“Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle My boodskap nie kan verstaan nie! (Want) Julle is kinders van die Duiwel....Wie 'n kind van God is luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie...My skape luister na My stem.”*
- Hy lei my in die waarheid (Joh 16:13)
- Hy vertroos ons (Joh 14:18)
- Hy help my om Jesus te verheerlik (1 Kor 12:3)
- Hy openbaar God se wil aan my (1 Kor 2:12)
- Hy beskerm my teen sonde (help my in versoekings) (Gal 5:16)
- Hy laat my vrugte dra (Gal 5:24-25)
- Hy gee vir my 'n plek en 'n werk in die kerk (1 Kor 12:18)
- Hy gee vir my die regte woorde op die regte tyd (Mat 10:19-20)
- Hy herinner my aan alles wat Jesus vir ons gesê het (Joh 14:26)

Dis alles dinge wat die Heilige Gees doen vir de mense wat aan Hom behoort.

## TEN SLOTTE

Het jy al jou hele lewe aan God gegee?

- As jy nie het nie - kan jy nie verwag dat Hy met jou sal praat oor jou huwelik en kinders en toekoms en beroep nie.
- Hy sal net oor een ding met jou praat.

- En dis die feit dat jy verlore is.
- Hy wil net een ding in jou lewe doen: Hy wil jou na die Vader en die Seun toe lei.
- En nadat jy jou hele lewe vir Hulle gegee het, wil Hy jou lei in al die klein dinge.

Maar as jy jou hart vir die Here oopgemaak het..

- Sal Hy by jou kom woon
- En sal Hy Homself aan jou bekendstel..
- En sal Hy mettertyd met jou praat oor elke faset van jou lewe:
  - Sy wil vir jou loopbaan...
  - Sy wil vir jou huwelik...
  - Sy wil vir julle gesin...
  - Sy wil vir jou finansies.

Waar begin ek om God se tem te hoor?

- In my binnekamer.
- Op my knieë.
- Totale oorgawe.

As 'n baba die dag gebore word...

- het hy reeds ore en 'n mond.
- Hy kan sy ouers hoor praat
- En hy kan eenvoudige geluidjies uiter.
- Maar soos wat hy groter word leer hy om hulle te verstaan.
  - Leer hy om die vreemde klanke te verstaan.
  - Word dit vir hom verstaanbare woorde.
- En soos wat hy groter word leer hy om met hulle te praat.
  - Eers net klein woordjies: Mamma Pappa Ta blief
  - Later is dit vol sinne.
  - En nog later diep gesprekke oor alles in die lewe.
    - oor die keuse van 'n loopbaan
    - oor 'n huwelik wat misluk het
    - oor 'n onverstaanbare siekte

Dit gebeur nie oornag nie.

Dit gebeur oor jare.

Tussen 2 partye wat mekaar liefhet - en meer en meer liefkry.